Die Christelike Vrou

Leef die Liefde | September 2023 | Amptelike mondstuk van die NHSV

September

Dit is nou amptelik lente! Die kalender sê so. Of die weerstoestande in jou omgewing dit beaam of nie, 1 September kondig amptelik die verandering van die seisoen aan. 'n Mens kan alreeds sien hoe die wingerde 'n groen skynsel begin kry, en ons trek ook al minder warm klere aan as 'n paar weke gelede.

September is ook Erfenismaand in Suid-Afrika. Wat het ons oorgehou en wat onderhou ons van ons voorsate se nalatenskap: hul gewoontes, gebruike, geloof? Wat laat óns na vir ons kinders en kleinkinders?

Ek lees op die internet dat September se blom die vergeet-my-nietjie is – seker daarom dat juis September gekies is om bewustheid te skep oor Alzheimer se siekte.

Die Internasionale Dag van Gebaretale word op 23 September gevier, tesame met die Internasionale Week vir Dowes (18-24 September), en op 30 September is dit Internasionale Vertalingsdag. Dit is dus 'n goeie maand om 'n artikel te plaas wat ek al lank gelede beplan het.

My suster se kleinseun het reeds in sy minder as twee jaar leeftyd meer lande en tale beleef as wat die meeste mense in 'n volle leeftyd sal beleef. Pa is Afrikaans en Ma is Frans-Kanadees. Pa spring trampolien by Cirque d'Soleil en ma doen akrobatiese lugtoertjies met toue. Boetie word dus groot tussen maatjies uit alle uithoeke van die wêreld. Volgens sy ma en pa verstaan hy al minstens Afrikaans, Engels, Frans en Russies. Ons het verlede week 'n kort video gekry waar Boetie blykbaar vir ons almal sê: *Koebaai*... Ons het natuurlik geen idee of dit wél is wat hy sê nie. Vir my klink dit eerder soos *Gabilleriekie* of so iets.

Wat my aandag egter die meeste getrek het en waaroor ek nou al maande dink en tob en wonder, is die feit dat Mamma blykbaar ook vir hom (en ek verstaan ook vir ander babas!) Gebaretaal geleer het. Dit was reeds vanaf ongeveer eenjarige ouderdom. My gedagte was dat die kind dan nog nie eens kan praat nie, hoe sal hy dan nou Gebaretaal kan gebruik?

Dit is egter juis die punt van die oefening. Of dan nou seker een van die punte, want om vir jou baba Gebaretaal te leer, het blykbaar 'n menigte voordele. Gaan lees maar net ons artikel hieroor. En gaan kyk gerus na die baie video's van babas wat baie duidelik hierdie gebare gebruik om te kommunikeer! Die Nasionale Instituut vir Dowes in Worcester het spesiaal vir ons 'n kort video'tjie gemaak om 'n paar basiese en maklike woorde te leer wat ons weer vir ons babas kan leer. Gaan klik gerus op die skakel en ook die ander skakels in die artikel om hierdie wonderlike wêreld te sien oopgaan.

En gaan dink weer hoe bevoorreg jy is as jy wel kan sien, hoor en praat.

Hannelie

Gebaretaal

a b c d e f g

palm forward
thumb bent out

thumb also often
lower (like a claw)

palm in

palm is always forward
except where noted



h i j k l m

palm in

n o p q r s

palm faces opposite
side of body

index finger
points out

like p but points
down and unseen
fingers curled in



t u v w x y z

palm forward
thumb can be over fingers
whole palm can be
slanted to side away from body

Gebaretaal

Lynette Victor, Nasionale Instituut vir Dowes (NID)

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) in Worcester herdenk vanjaar reeds 142 jaar van dienslewering aan Dowes en persone met gehoorverlies in Suid-Afrika.

'n Bietjie historiese agtergrond: Sedert die vroeë 16de eeu is daar gepoog om Dowe mense te leer praat, veral omdat spraak nodig was om rykdom te verkry. Dit was die begin van die orale-versus-gebaretaal-kontroversie. Die orale metode behels kommunikasie deur gesproke taal, meestal ontwikkel in Duitsland, en was bekend as die "Duitse Metode".

In 1880 is 'n poging aangewend om die gebruik van Gebaretaal in skole vir Dowes af te skaf, met 'n resolusie wat die gebruik van Gebaretaal in skole verbied het. Gevolglik het Gebaretaal 'n ondergrondse taal geword wat buite die klaskamer gebruik is.

In 1960 het 'n wetenskaplike navorsingsverslag egter getoon dat Gebaretaal 'n natuurlike menslike taal in eie reg is, soortgelyk aan Engels en ander gesproke tale.

'n Gelyktydige Kommunikasie/Totale Kommunikasie is in 1970 ontwikkel waar 'n mens terselfdertyd gebare gebruik en praat.

In die 1980's is die tweetalige tweekulturelebenadering vir die eerste keer gesien. Volgens hierdie benadering gebruik Dowes Gebaretaal en 'n geskrewe taal, byvoorbeeld Afrikaans, Engels, Xhosa, ensovoorts. Daar is dus erken dat Dowes in twee kulture leef – die een is die kultuur van die horende meerderheid, en die ander is hul eie Dowe kultuur.

Wat is Gebaretaal? Gebaretaal is 'n taal wat natuurlik voorkom en ontwikkel as gevolg van die behoefte om tussen lede van Dowe gemeenskappe te kommunikeer. Gebaretaal word geproduseer met behulp van die hand, gesig, kop en bolyf, en word deur die oë verwerk.

Gebaretaal is nie universeel of internasionaal soos baie mense dink nie. Verskillende Gebaretale het ontwikkel in verskillende lande waar Dowe gemeenskappe bestaan, byvoorbeeld: Britse Gebaretaal, Amerikaanse Gebaretaal, Etiopiese Gebaretaal, en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Vingerspelling in Gebaretaal is die manier waarop die 26 letters van die alfabet op die hande gemaak word. Dit word gebruik om name van mense te spel (veral in inleidings), en name van plekke en konsepte en/of woorde waarvoor 'n mens dalk nie gebare het nie of wat jy vergeet het. Vingerspelling is nie Gebaretaal nie. Dit is 'n tegniek wat gebruik word om die geskrewe Engelse woord op daardie oomblik in die ruimte voor te stel.

Gesigsuitdrukkings is baie belangrik omdat dit die grammatika uitdruk. Gesigsuitdrukkings vir vrae wat JA/NEE-antwoorde vereis, verskil van gesigsuitdrukkings vir WH-vrae, byvoorbeeld WIE, WAAROM, WANNEER, WAAR, ensovoorts. Let wel: As jy die gesigsuitdrukking verander, kan jy 'n heel ander boodskap oordra.

Die meerderheid Dowes (90%) word vir horende ouers gebore en verwerf dus nie Gebaretaal as moedertaal nie. Hulle verwerf Gebaretaal op skool

Gebaretaal

Vervolg

Gaan google gerus "Baby Sign Language" of klik sommer op die skakels hieronder om te sien hoe oulik die babas Gebaretaal kan gebruik.

https://www.youtube.com/watch?v=glDJI7UK bw

https://www.youtube.com/watch?v=VVsRLaUC5C4

https://www.youtube.com/watch?v=v6TBejWI7qM

by maats. Gebaretaal is die eerste taal van die meerderheid Dowe kinders. 'n Minderheid (10%) van Dowe kinders word vir Dowe ouers gebore en hierdie kinders verwerf Gebaretaal as moedertaal.

Tiny Handz by https://www.tinyhandz.co.za/baby-signing/ sê die volgende:

"

Vanaf die ouderdom van ses maande is babas gereed om te kommunikeer. Dus, deur vir hom/haar gereedskap in die hand (letterlik!) te gee wat maklik genoeg is vir klein handjies om te gebruik, sal babas in staat stel om behoeftes aan hul ouers en ander rondom hulle te kommunikeer.

Babas kan leer om eenvoudige gebare te gebruik vir algemene woorde soos 'eet', 'slaap', 'meer', 'drukkie', 'speel', 'koekie', 'teddiebeer', ensovoorts, selfs voordat hulle in staat is om te begin praat. Terwyl babas se artikulators (mond, lippe, tong, tande) stadiger as hul hand-oog-koördinasie verouder, kan babas gebare geleer word wat hulle help om vinniger te verstaan, en met diegene rondom hulle te kommunikeer.

Voordele daarvan om vir jou baba Gebaretaal aan te leer:

- Verbeter verbale taalontwikkeling.
- Stel kinders in staat om hul behoeftes baie vroeër in die lewe te kommunikeer.
- Geestesontwikkeling.
- Verbeter taal- en luistervaardighede.
- Navorsing toon 'n toename in IK-vlak.
- Verhoog selfbeeld.
- Verminder frustrasie vir babas/kleuters en hul versorgers/ouers.
- Ouers word voorsien van 'n venster na die babawêreld, wat weer die band tussen ouer en kind versterk.
- Minder woedebuie en ander problematiese gedrag.
- Verbeter woordeskat.
- Bevorder tweetaligheid.
- Moedig 'n vroeë belangstelling in letterkunde aan.

"

Solank as wat ons Dowe mense op aarde het, sal ons gebare hê … die edelste geskenk wat God aan Dowe mense gegee het. (George Veditz)

Vir meer inligting rakende Doofheid en Suid-Afrikaanse Gebaretaal, volg gerus die skakel https://nid.org.za/info-hub/ . September is die Maand vir Dowes en dit is dus 'n baie spesiale maand vir dié organisasie, met verskeie projekte en aktiwiteite wat in hierdie tyd aangebied word.

Gebaretaal

Vervolg

Foto bo verkry vanaf Healthnut Nutrition
Foto onder verkry vanaf Hotcore.info

Raak betrokke en ondersteun Dowes en persone met gehoorverlies. Hier kan jy reeds begin:

- Die geleentheid word op 12 September by NID se hoofingang in De la Batweg 30, Worcester gevier. NID se personeel sal vanaf 07:00 tot 19:00 aan 'n 12-uur-fietstrapuitdaging deelneem. Elke personeellid sal 12 minute op 'n oefenfiets ry; tydens die uitdaging word mense oral in die land geskakel om by te dra tot die minimum teiken van R120 000 ten bate van bejaarde en meervoudig gestremde Dowe inwoners. Daar sal ook 'n ekstra oefenfiets wees vir enige lid van die publiek wat graag by die uitdaging wil aansluit en 12 minute wil fietstrap vir Dowes en persone met gehoorverlies. Maak 'n donasie van enige bedrag en kom trap! Geen haas nie, jou eie pas. Worcester FM saai ook regstreeks uit vanaf NID van 07:00 tot 10:00. Kom ondersteun, trap, maak 'n donasie of moedig sommer net aan in die verbyry.

- NID bied op 16 September om 10:00 'n heerlike vroue-oggend aan met pretprater Elsabe Aldrich. Die tema is *Van treurkoeklikheid tot triomfantelikheid* en beloof 'n oggend van sielskos, skaterlag, vrouevreugde en woema. Die koste is R150 per persoon (peuselblokkie, koffie en sap ingesluit). Vele gelukkige trekkings. WhatsApp na 071 375 1426 vir besprekings.

- NID se liefdadigheidswinkel Fabulous Finds vier op 19 September sy derde bestaansjaar. Die doel van die winkel is om netjiese tweedehandse klere, boeke en huishoudelike items teen billike pryse aan die gemeenskap beskikbaar te stel en sodoende fondse te genereer vir dienste aan Dowe begunstigdes. Skenk jou tweedehandse goedere aan hulle as 'n spesiale verjaardaggeskenk en maak daardeur 'n verskil in die lewens van Dowes by NID. Loer ook in vir verskeie winskopies en promosies op die dag.

- Die Internasionale Dag van Gebaretale word op 23 September gevier, tesame met die Internasionale Week vir Dowes (18-24 September). Die tema vanjaar is *A World Where Deaf People Can Sign Anywhere* – 'n besonder gepaste tema na aanleiding van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) wat onlangs Suid-Afrika se 12de amptelike taal geword het. Leer 'n nuwe taal in September – teken in vir die NID Gebaretaalsentrum se aanlyn SAGT-kursus en aanlyn SAGT-videowoordeboek. Dié afdeling bied ook gratis SAGT-klasse vir die publiek aan in September, dit was blitsvinnig volbespreek.

Vir meer inligting oor enige van hierdie projekte, stuur 'n e-pos na fr.nid@nid.org.za of WhatsApp na 071 375 1426. Besoek ons gerus by www.nid.org.za.



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9

Die kanselkleed (Deel 8)

Kempten se kanselbehangsels in hout

Die kanselkleed (Deel 8)

Ds Carel Johann de Bruin

Ds Etienne Fourie (emeritus) vertel:

In die begin was die Woord. Toe ek in 1986 in die NHKA Gemeente Kempten (op Kempton Park aan die Oos-Rand) bevestig is, was dit die woorde op die kanselbehangsel. Dié was toe 'n roesbruin geweefde mat met roomkleurige woorde daarop uitgewerk. Hierdie behangsel het vir baie jare op die kansel gepryk, tot so 'n mate dat dit naderhand so deel van die prentjie geword het dat mense dit gesien het, maar nie kennis geneem het daarvan nie. Dit het ek agtergekom toe ek met 'n rondte huisbesoek vir die gesinne gevra het wat die woorde op die kanselbehangsel in die gemeente was. Bitter min het geweet! Die mees algemene raaiskote was *Geloof, Hoop en Liefde* of *U Woord is die Waarheid*...

Êrens het ek gesien dat dr Christo van der Merwe in Gemeente Kempton Park-Oos 'n stel kanselbehangels, wat bestaan het uit die pragtigste houtsneewerk, in die gemeente begin aanbring het. Gemeente Kempten het besluit om die goeie voorbeeld te volg. Ons het Susan Botha, wat Kempton Park-Oos se behangsels gemaak het, genader om vir Kempten ook 'n stel te maak.

Soos dit maar in enige gemeente gaan, is die projek eers deeglik deurtrap op verskeie vergaderings, en uiteindelik kon ons konsensus bereik. Ons het besluit om Susan te vra om vir ons ook borde te maak. Ons wou met die behangsels die liturgiese oomblikke soos Doop en Nagmaal vasvang, en ook dat hulle uitdrukking gee aan die verloop van die kerklike jaar.

So het dit gebeur dat daar ses behangsels gemaak is: Een vir Doop en een vir Nagmaal, en die res is gefokus op die seisoene van die kerklike jaar.

Daar is een met die nou tradisionele *In die begin was die Woord* daarop vir gebruik in gewone tyd (ook bekend as Koninkryktyd), een vir Kerstyd, een vir Lydenstyd en een vir Pinkstertyd. Omdat ons graag al die behangsels voor in die kerkgebou wou laat hang en nie in 'n stoorkamertjie laat stof vergaar nie, was ons beperk om net ses behangsels te kon maak en kon ons nie vir al die seisoene van die kerklike jaar iets laat maak nie.

Om die gemeente in te trek by die projek, het ons gevra of daar gesinne was wat bereid sou wees om elk 'n behangsel te borg. Daar was blitsvinnig ses skenkers, en die name van die skenkers is op 'n plaatjie op elke bord aangebring.

Susan Botha het meesterstukke geskep en Gemeente Kempten koester trots hul unieke kanselbehangsels.

Die ouderdom is nie vir almal beskore

Die ouderdom is nie vir almal beskore

Leonie Bezuidenhout

So sit ek die naweek vroegoggend reeds af na die haarsalon om die dergelike grys strepies wat stelselmatig in my middelpaadjie vermeerder, toe te kleur. Langs my sit nog twee vroue, albei se haarwortels ook die ene haarkleur besmeer. *Weg met die grys!* is al wat ek sê toe die haarkapper vra wat my behoefte is.

Ek en die ander vroue maak oogkontak soos die deelnemers in *The Hunger Games* – grys is die verpestelike vyand en ons sal hom vandag, hier tussen die haardroërs en die sterk walms van ammoniak en sjampoe, verslaan.

Terwyl ek wag vir die haarkleursel om sy werk te doen, kry ek 'n paar boodskappe van my suster in die Kaap. Dié is ook by die haarsalon, besig om die silwer spatsels in haar haarlyn toe te kleur. *Ek botoks ook my hare,* skryf sy.

Botoks? Ja, sê my haarkapper toe ek nuuskierig uitvra – ek dog nog altyd 'n mens botoks net jou gesig. Nee, verduidelik die haarkapper, botoks vir die hare is fantasties. Dit hou die hare soepel en glad en stryk as't ware die hare plat soos botoks met die voorkop ook maar maak.

Deesdae pomp mense mos hul wange, lippe en voorkoppe sonder skaamte met botoks en ander kosmetiese produkte in. Dié storie, wat vir my maar bra pynlik lyk as ek moet eerlik wees, word skoon op sosiale media gedeel sonder om te blik of te bloos.

Fair enough, dink ek elke keer, maar hier en daar is 'n suster (en selfs 'n broer) wat ek voel maar effe kan brieke aandraai met die spuitnaalde. Ons weet later nie meer of jy hartseer of gelukkig is nie, want elke gelaatstrek lyk dieselfde.

Vat maar vir Madonna (en die meerderheid van Hollywood) as 'n voorbeeld: As jy een keer te veel onder die mes gegaan het, is daar geen meer omdraaikans nie.

Watse onverwagte verligting was dit nie vir my nie toe ek na die nuwe seisoen van die Netflix-reeks *Only murders in the building* kyk, en die lieflike Amerikaanse aktrise Meryl Streep (74) verskyn op die skerm met plooie en kreukels en al! Elke liewe een van daardie lyntjies op haar gesig het my herinner aan die gesogte aktrise wat sy is, asof elke lyntjie 'n

Die ouderdom is nie vir almal beskore

Vervolg

rolprent of 'n mylpaal in haar lewe verteenwoordig. My respek vir haar is nou selfs nog meer.

Is dit nie maar eintlik wat dit is nie? Is ons plooie en lyntjies nie net die liggaam se manier om te wys *hei, jy, ek is deur baie, en ek bied jou al vir jare soveel, respekteer my!* nie? Is elke plooi en lyntjie nie net 'n verteenwoordiger van wat ons op hierdie aardbol kon vermag, ten spyte van ongelooflike uitdagings nie? Is oudword nie 'n eer nie? Hoekom beveg ons hierdie natuurlike proses so ter wille van skoonheidstandaarde en sosiale media?

Die nuus van die jong kletsrymer Angie Oeh se afsterwe weens kanker in die jong ouderdom van 24 ruk my. Ons is so gekant teen die tekens van ouderdom, maar tog is dit iets wat nie almal beskore is nie. Ek kan nie help om te wonder nie: Wat sou dié wat die aarde jonk verlaat wou gee vir grys hare in hul middelpaadjies?

Hierdie artikel het voorheen op Maroela Media verskyn en word met hul toestemming hier gebruik.

Foto's vanaf Instagram:
@merylstreep.official
@meryl.streep_fanpage
@onlymurdersinthebuilding_fans

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Carel Johann de Bruin, Lynette Victor, Leonie Bezuidenhout
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

	www.nhsv.org.za		***Posbus 111, Worcester 6849***		***diechristelikevrou@gmail.com***
	diechristelike		***Christelike Vrou***		***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.